
# 347 O Jesus Bron van sielevreug




U Woord sal ewig waarheid bly;
die siel wat soek, hoe diep geval,
sal deur u Bloed vergifnis kry;
U word vir hom vir ewig heil.

o Lewensbrood, o Heilsfontein,
wil U ons sielehongger stil;
ons dors nou les met water rein;
ons hele wese met U vul.

o Heiland, wees ons steeds naby;
laat voor u lig die donker swig;
hou ons gedurig rustig, bly;
vervul die wêreld met u lig.

Onbekend C.C. Scholefield (1839-1904)